Skrifgedeelte: Handelinge 20:17-38

Teksvers: Handelinge 20:28

Tema: God roep leiers vir sy kosbare kerk. Laat jou daarom deur die leiers bewaar en versorg!

Dit is ontsettend interessant om by ouderlinge te hoor hoe hulle dit beleef om huisbesoeke te doen en in die gemeente te bedien. Baie van die ouderlinge vertel met opwinding oor hoe wonderlik dit is en dat hulle werklik diep geloofsgesprekke met die lidmate het. Hierdie ouderlinge is positief oor hulle werk en geniet dit ontsettend baie.

Maar dan is daar ook heelwat ouderlinge wat negatief is oor huisbesoeke en die bediening wat hulle doen. Hulle ervaar dat die lidmate nie die ouderlinge wil ontvang nie, dat die lidmate altyd te besig is om die ouderling te ontvang of dat die lidmaat dood eenvoudig net weier om deur `n ouderling bedien te word. Ander lidmate sien weer die ouderling se besoek bloot as `n nagmaalaankondiging of `n sosiale kuiertjies oor allerhande koeitjies en kalfies.

Wanneer ons as gemeente dan sê dat ons `n gemeente wil wees wat geestelike leiers vir vandag en môre wil oplei, moet ons ook saam dink en bid en luister na wat God in sy Woord oor die diens van die ouderlinge en ander geestelike leiers sê. Dan moet ons mekaar vermaan en tereg wys wanneer ons die verkeerde ingesteldheid teenoor die ouderlinge het, maar moet ons mekaar ook aanspoor om te volhard wanneer ons wel die regte ingesteldheid teenoor die ouderlinge het.

Wanneer ons dan na God luister oor hoekom daar ouderlinge in `n gemeente is en watter rol hulle in die lewe van die gemeente moet vertolk, gee vers 28 in Handelinge 20 vir ons `n besonderse perspektief: God roep leiers – en in die besonder ouderlinge – omdat Sy kerk vir Hom ontsettend kosbaar is en omdat ons as die kerk van die Here hierdie geestelike leiers nodig het. God maak die feit dat ons vir Hom kosbaar is op drie maniere bekend: Dit is die Heilige Gees wat hierdie persone aanstel. Die kerk dra God die Vader se Naam. En die kerk is los gekoop deur die bloed van Jesus.

Paulus sê vir die ouderlinge dat die ouderlinge hulleself en die kudde moet oppas wat die Heilige Gees onder hulle sorg gestel het. Ouderlinge en ander geestelike leiers is nie maar net `n menslike struktuur wat `n paar mense uit eie goeddunke begin het nie. God die Heilige Gees self het hierdie medegelowiges van ons oor ons aangestel om ons op te pas, te voed in die geloof en te lei op die geloofspad wat ons loop. Ouderlinge werk dus met `n opdrag van God in Sy gemeente tot ons opbou.

Die kerk dra ook die Naam van God en dit is op hierdie manier wat ons identiteit vir ons as gelowiges bepaal word. Elke gelowige is deel van die kerk en as deel van die kerk behoort jy aan God. Hoe wonderlik is dit dat God die Vader, die Almagtige, Hom aan ons vasbind? Dit

is in hierdie besonderse verhouding wat God die Vader dit nodig ag om aan ons ouderlinge te gee ter wille van ons eie geloofsgroei en ons verhouding met God. God weet dat ons nie uit ons eie kan groei en staande bly in ons geloof nie en dit is om hierdie rede dat Hy aan ons ouderlinge en ander geestelike leiers gee.

Laastens maak Paulus aan ons bekend dat ons vir God kosbaar is, deurdat hy ons daarop wys dat God ons vir Hom verkry het deur die bloed van Jesus Christus. God het sy eie Seun, wat sonder sonde is, wat in ewigheid by Hom was en in ewigheid by Hom sal wees, tot sonde gemaak, sodat ons sondes weg geneem kon word en ons lewend kon word. Daarom dat ons nie net verlos is van die sonde nie, maar ook verlos is tot `n lewe in gemeenskap met ander gelowiges – dit is een en dieselfde verlossing!

Só, met sy hele Wese, is ons as kerk kosbaar vir God en dit is juis omdat ons kosbaar vir God is, wat Hy ouderlinge en ander geestelike leiers aan ons gee. En as die Almagtige in Sy wysheid weet en besluit dat ons geestelike leiding en onderrig nodig het deur ouderlinge, wie is ons dan om dit te weier? Hoe kan ons dit dan moeilik maak vir hierdie manne en in sommige gevalle vroue om hulle Goddelike opdrag uit te voer?

En ouderlinge, moenie dink dat julle hierby uitgesluit is nie! Ook aan elkeen van ons as ouderlinge kom hierdie opdrag, want Paulus leer ons immers: “Pas julle self op...”. Ook ons as ouderlinge moet na mekaar omsien, mekaar vermaan en toerus om te groei in ons verhouding met God. Hoe sal ons die gemeente kan lei en toerus as ons nie eers by onsself begin nie?

Wanneer ons dink dat enige een van ons sonder die bediening van `n ouderling kan klaar kom, is dit geestelike hoogmoed, want God self weet dat ons dit nodig het! Daarom dat hierdie opdrag na elkeen van ons toe kom vanoggend: Laat jou deur hierdie geestelike leiers bewaar en versorg! Dit is waarvoor God hulle geroep en aangestel het.

Hulle is nie aangestel in die gemeente om ons telkens te waarsku as Nagmaal nader kruip nie. Hulle is daar om ons te versorg en te bewaar. Dit is hoekom hulle oppassers en herders genoem word. As oppassers is hulle daar om ons te beskerm en te bewaar teen die aanslae van die bose en ons natuur wat ons wil wegsleep van God en die Waarheid wat Hy in Jesus Christus aan ons bekend gemaak het.

Dit is deur die Woord en gebed wat hulle ons op pas, elke keer wanneer hulle verkeerde opinies en persepsies wat in die kerk rondgaan aanspreek en weerlê. En dit is deur die Woord en gebed en die bediening daarvan wat hulle as herders ons leiding gee op die geloofspad wat ons loop in die voetspore van Christus.

`n Herder is iemand wat skape nie net oppas nie, maar wat ook weet waar goeie wyding en water is, wat die wonde en siektes van die skape versorg en wat aan die Opperherder verantwoording moet doen oor die welstand van die skape. Dit is die roeping van die ouderlinge en geestelike leiers wat God aan ons gee!

Daarom weer: Laat jou deur die geestelike leiers bewaar en versorg wat die Heilige Gees self oor jou aangestel het, omdat jy kosbaar vir God is!

Amen